

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 1.14. VOL: 109 Pg. 5448-5446.

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-06-16

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

109

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 109

(Bladsye 5 418 - 5 446)

HOF HERVAT OP 16 JUNIE 1986.

SAMUEL ALFEUS DU PISANIE, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Mnr. Du Pisanie, in die algemeen in verband met die verskillende insidente wat u beskryf het, het u by die toneel gekom na die skade gedoen is? -- Dit is korrek.

En u dra geen persoonlike kennis wat kort voor of onmiddellik voor die gebeurtenis plaasgevind het in die gemeenskap nie? -- Dit is korrek.

Ook nie die persoonlike houding van 'n deel van die (10) gemeenskap teenoor die eiendom of die eienaar van die eiendom wat nou beskadig is nie? -- Dit is korrek.

Ek wil net 'n paar voorbeelde gee. Weet u of enige klagte geopper is in verband met die kwaliteit van die bier wat daar verskaf was?-- Nee, ek weet nie.

En of die verwantskap van sekere van die eienaars met sekere lede van die veiligheidspolisie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is nou eienaars van die biersaal? --

MNR. BIZOS : Van besighede, soos 'n slaghuis en so. U weet nie van die plaaslike moeilikhede van die dorp nie? -- Ek ver- (20) staan nie wat bedoel word nie.

HOF : Dit wil voorkom asof daar beweer word dat daar een of ander verhouding is tussen die eienaars van besighede wat blykbaar aangeval is en die veiligheidspolisie. -- Nie veiligheidspolisie nie.

MNR. BIZOS : Of polisie? -- Polisiebeampte wel.

HOF : Bedoel u 'n familieverband?

MNR. BIZOS : Ja, 'n familieverband.

HOF : Wat is die familieverband wat u van weet? -- Nee, al wat ek van weet is dat speurder sersant Nguba was die eienaar (30) van 'n slaghuis wat in aanbou was.

Is hy nie in die veiligheidstak nie? -- Nee.

Dra u kennis van die dood van ... (Mnr. Krügel kom tussenbei)

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Ekskuus, gaan u nou weg van die slaghuis af?

MNR. BIZOS : Ja.

MNR. KRUGEL : Is die slaghuis beskadig? -- Hy was in 'n brand beskadig.

MNR. BIZOS : Dra u kennis van die feit dat ene Dune Mnyandi, 'n 10-jarige oue dogtertjie gedood is? -- Ek dra kennis van (10) die dood, maar die ouderdom nie as 10 jaar nie.

HOP : Hoe oud was sy? -- Ek praat onder korreksie, 19.

MNR. BIZOS : Waar kry u daardie inligting dat sy 19 was? -- Volgens die ondersoek wat gedoen was.

Is sy deur die polisie doodgeskiet? -- Dit is korrek.

En mnr. Nguba wat in die polisie is, is hy 'n persoon wat 'n R1-geweer het? -- Dit is korrek.

Dra u persoonlike kennis of hy deur die woongebied rondstap en -ry en mense in die algemeen dreig met sy R1-geweer? -- Nee.

Sover daar padversperrings was, is dit gewoonlik na (20) 'n polisie-optrede op die paaie gesit om die polisie te verhinder? -- Die versperrings was enige tyd aangetref waar die woonbuurt binnegegaan was.

Na moeilikheid begin het? -- Voor moeilikhede ook.

Wanneer was daar padversperrings voor moeilikhede? Op watter geleentheid was daar padversperrings? -- Die padversperrings was sedert 16 Maart en daarna sporadies daaglik byna.

Sou u padversperrings met u aankoms by die woonbuurt op die paaie gesien het? -- Dit is korrek.

Is dit na die moeilikheid in die woongebied begin het (30) en gevra was om in die gebied in te kom? -- Nie net wanneer

ons gevra is nie. Met gewone dienste ook in die Swartwoonbuurt.

Dra u kennis van enige poging om 'n vigilante groep daar te stig? -- Ek verstaan nie.

HOF: Weet u wat 'n vigilante groep is? -- Nee.

MNR. BIZOS : Weet u van enige groep wat daar gevorm is wat beweer het dat hulle die ander mense beskerm? Hulle het hulleself probeer aanstel as beskermers van die mense? -- Nee.

U dra geen kennis van enige poging deur die voorsitter van die Raad om so 'n groep te stig nie? -- Nee. (10)

U weet nie wanneer die gemeenskapsorganisasies daar gevorm is nie, uit u eie kennis? -- Nee.

En u weet ook nie wanneer dit was dat hulle aan die UDF of enige ander organisasie geaffilieer is of nie? -- Nee.

U weet ook nie wat sou gebeur het by die verskillende vergaderings wat daar gehou sou word en wat die leiers van die gemeenskapsorganisasies se raad was aan die mense van die gemeenskap in verband met geweld nie? -- Nee.

COURT : Are you not going to put the circumstances of the death of Dune Mmyandi? (20)

MR BIZOS : I have not got specific instructions other than that it was during the police action. I have no instructions as to how it started.

HEROENDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Die 19-jarige dogter, Dune Mmyandi, weet u in watter omstandighede sy gedood is? -- Dit was waar 'n padversperring opgestel was in die Swartwoonbuurt. Terwyl die polisie besig was om die padversperring te verwyder, was die polisie aangeval met klippe. Daar was op die groep gevuur en sy was getref.

Dan het konstabel Roqo - op 18 Februarie 1985 is dit (30) gestel dat 'n Swartdogter geskiet is. Weet u in watter

... / omstandighede

omstandighede dit gebeur het? — Ja. Hy was vanaf sy huis op pad om aan te meld gekleed met volle uniform. Toe hy verby die skole-kompleks loop op pad na die werk was hy aangeval en met klippe gegooi. Hy het op die groep gevuur en een Swart-jeugdige dogter getref.

Van die mense wat op 11 Februarie 1985 gearresteer is, het u gesê teen sommige is sake teruggetrek. Is dit deur die Staatsaanklaer teruggetrek? — Dit is korrek.

Weet u vir welke rede die aanklaer die sake teruggetrek het? — As gevolg van gebrek aan getuienis. (10)

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Mnr. Du Pisanie, die niesmasjien by die begrafnis, is die niesmasjien wel gebruik? — Nie tydens die begrafnis nie. Na die begrafnis reeds verby was en na die biersaal en die Administrasiekantore reeds aangeval en aan die brand gesteeek was.

Waar was u toe die biersaal begin brand? — Toe die biersaal begin brand het, het ek van 'n punt teen die rant in die Swartwoonbuurt gegaan na die polisiestasie en by die ander lede aangesluit en ons is toe die Swartwoonbuurt binne met 'n Casspir voertuig en die niesmasjien. (20)

HOF : Het u toe die niesmasjien bestuur? — Nie bestuur nie, ek het die niesmasjien beheer. Die niesmasjien word beheer vanuit die kajuit.

ASSESSOR MNR. KRÜGEL) : Was daar 'n ander Casspir op die toneel gewees op 'n ander plek? — Daar was net een Casspir in Somerset-Oos op daardie betrokke dag, maar die Casspir het vroeër in die Swartwoonbuurt beweeg ook.

Met of sonder die niesmasjien? — Sonder die niesmasjien.

HOF : Is die niesmasjien gemonteer op 'n bakkie? — Op 'n land rover. (30)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : U sê toe u terugkom by die polisiestasie

... / het

het die Casspir en die niesmasjien uitbeweeg na die woonbuurt toe? — Dit is korrek.

Maar die Casspir was vantevore ook in die woonbuurt? — Ook in die woonbuurt.

Was dit tydens die begrafnis? Of onmiddellik daarna? — Die Casspir voertuig het sedert die oggend al in die woonbuurt gepatrolleer.

En die niesmasjien? — Die niesmasjien was by die polisie-stasie gesetel gewees.

Volgens u getuienis dan is die niesmasjien nie gebruik (10) voordat u self daarmee gewerk het nie? — Dit is korrek.

Is daar enigiemand anders wat die niesmasjien kan werk? — Ek was die enigste wat opgelei was om met hom te werk en geen ander persoon het hom gewerk behalwe ek nie.

Kan u agterkom as daar iemand anders aan die masjien gewerk het of met hom gewerk het? Is daar byvoorbeeld 'n voorraad poeier waarmee die ding werk, verstaan ek? — Dit is korrek. Hy word gevul met poeier.

Was hy vol of vul u homself of hoe werk dit? — Ek vul hom self. (20)

As iemand anders miskien met die ding sou gewerk het, sou u dit geweet het? — Ek sou kennis gedra het daarvan.

Hoe sou u dit geweet het? — Ek sou hom gesien het in die woonbuurt beweeg.

Sou u dit nie aan die voorraad poeier wat beskikbaar is ook kon agterkom nie? — Die tenk word gevul, dan word hy toegeskroef en ek het hom nie nagegaan voordat ek met hom in is na die Swartwoonbuurt toe nie, maar ek is baie seker dat hy nie gebruik was voordat ek hom self ingeneem het met my bestuurder na die Swartwoonbuurt toe nie. (30)

En die sleutels van die voertuig? — Dit word in die

... / aanklagkantoor

aanklagkantoor in die brandkas gehou.

Brandkas? — Dit is korrek.

En wie het die sleutels daarvan? — Die aanklagkantoor-sersant.

Op die besondere oggend, kan u onthou hoe die sleutels in die hande gekry is? — Die landrover se sleutels?

Ja? — Voor elke rit word 'n voertuig in 'n ritstaat uitgeboek en die bestuurder van die betrokke voertuig kry die sleutels by die aanklagkantoor-sersant.

Selfs as daar 'n noodgeval is waar die polisie vinnig (10) moet optree? — Ja, die sleutels moet dan nog gekry word by die aanklagkantoor-sersant.

HER-KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Du Pisanie, u sê dat daar net een Casspir daar was? — Dit is korrek.

Was die Casspir by die huis van die oorledene?

HOF : Op watter stadium?

MNR. BIZOS : Kort na die begrafnis van die oorledene plaasgevind het en voor daar enige skade by die biersaal was? — Ek kan nie onthou nie.

Kan u nie onthou nie? Was u nie besig om die mense (20) wat van die begraafplaas wegbeweeg het dop te hou deur verkykers nie? — Ek het nie 'n verkyker gehad nie.

Wanneer was die niesmasjien gereed gemaak vir enige moeilikheid wat miskien op hierdie dag sou plaasvind? Wanneer was dit voorberei? — Die niesmasjien het reeds die Vrydag op Somerset-Oos aangekom.

Wie het dit daar gebring? — Dit is vanaf Cradock oorgeplaas na Somerset-Oos.

Wie het dit gebring? — Ek kan nie onthou wie het dit spesifiek gebring nie. Dit is deur Cradock polisie (30) oorgebring na Somerset-Oos.

Is die polisie van Somerset-Oos gehelp deur die polisie van Cradock op die betrokke dag? — Daar was 'n offisier vanaf Cradock op Somerset-Oos.

HOF : Val julle onder Cradock? — Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Is daar ander mense in Cradock wat die niesmasjien kan gebruik? — Hulle sal ook opgeleide lede hê.

As u nie kan sê of 'n Casspir by die woonhuis van die oorledene was nie, kan u seer sekerlik nie ook sê of daar 'n landrover met 'n niesmasjien op was of nie? — Ek het reeds gesê ek het die niesmasjien met my bestuurder vanaf die (10) polisiestasie ingeneem na die Swartwoonbuurt.

Dit hang af van die tyd wat tussenbei gekom het. Wat ek aan u wil stel is of wat ek vir u vra is, as u nie kan onthou van 'n Casspir by die oorledene se huis kort na die begrafnis van die oorledene nie, hoe kan u sê of daar 'n niesmasjien was of nie? — Ek sê daar was nie een nie.

Waarom kan u nie onthou of daar 'n Casspir was nie en u kan wel sê dat daar nie 'n niesmasjien was nie? — Omdat ek die niesmasjien hanteer het.

In elk geval, ek wil aan u stel dat die getuienis sal (20) wees dat die niesmasjien daar was en dit was gebruik op die manier wat ek aan u gestel het? — Ek sê dit was nie daar nie.

U is deur My Geleerde Vriend vir die Staat gevra ...
(Hof kom tussenbei)

HOF : Vloei dit voort uit die kruisondervraging? U het u geleentheid gehad. I asked you are you going to inform us about the circumstances of the death of Dune Mmyandi. So you said you have got no instructions. So, he asked a couple of questions and that is the end of it.

MR BIZOS : No, but I am entitled to ask whether he was (30) present or not and whether what he has said, is hearsay or not.

COURT : Alright, ask him.

MNR. BIZOS : Was u teenwoordig toe die twee mense geskiet was of nie? — Ek was gevra omtrent een mens. Ek weet nie van twee nie.

HOF : Daar was konstabel Roqo wat iemand geskiet het en daar was hierdie ander een Mmyandi wat geskiet is? — Nee, ek was nie teenwoordig ie.

MNR. BIZOS : In beide gevalle was u nie teenwoordig nie? — Dit is korrek.

En u dra geen persoonlike kennis van die feite nie? —(10)

Dit is korrek.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - -

MNR. HANEKOM : U Edele, ek roep luitenant Norman John Jacobus Labuschagne. Hy getuig nog steeds oor Somerset-Oos.

NORMAN JOHN JACOBUS LABUSCHAGNE, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : U is 'n luitenant in die Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer te Grahamstad? — Dit is korrek.

Vanaf 20 Januarie 1983 tot 17 Januarie 1986 was u gestasioneer te Somerset-Oos in die hoedanigheid as stasiebevel-(20)voerder? — Dit is korrek.

Gedurende Januarie 1985 het 'n groep van dertien Swartpersone op 'n dag vir u kom besoek by die polisiestasie. Onthou u dit? — Dit is korrek.

Kan u nog die datum in Januarie onthou? — Nee.

Vertel asseblief vir die Hof van die besoek? Wat was die doel daarvan en wie was dit? — Die dertien persone het by my in die kantoor gekom. Hulle het gesê dat daar sekere griewe was wat hulle aan my wou stel wat hulle wou hê, dat ek dit moet help oplos om onluste te voorkom. Ek het aan hulle (30)

... / gevra

gevra op welke gesag hulle my kom spreek het. Andile Ntsh t het my meegedeel dat hy die president van COSAS is en dat elf van die lede wie saam met hom is almal COSAS lede is en dat die ander twee wie ook saam is van die gemeenskap was.

HOF : Dan het u nou veertien. — Nee, dit is die elf saam met hom en twee wat van die gemeenskap is.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : So, dit was 'n groep van veertien mense? — Nee, dertien. Andile plus tien is COSAS lede en dan twee is van die gemeenskap.

MNR. HANEKOM : Het u enige ander lede van die groep geken(10) of nie? — Panama Nyenye was ook aan my voorgestel as 'n organiseerder.

Van wie? — Van COSAS.

Het Andile Ntshutu vir u gesê wat die griewe is wat hulle wou gehad het? — Dit is korrek.

Wat was dit? — Hulle wou gehad het dat die biersaal uit die Swartwoongebied verskuif moes word en die gebou vir 'n biblioteek aangewend word.

HOF : Waarnatoe moes hy verskuif word? — Uit die Swartwoongebied. Hy het nie gesê waarnatoe nie. (20)

MNR. HANEKOM : Terwyl ons by die biersaal is. Aan wie het die biersaal behoort op daardie stadium? — Aan 'n mnr. Hume, van 'n privaat instansie.

Wat was die ander griewe? — Dat die grondpaaie in die Swartwoongebied geteer moet word en straatligte uitgerus moes word. Dat polisie-optrede in die Swartwoongebied gestaak moet word.

Wat het die vorm van polisie-optrede op daardie stadium behels? — Die plek was net gepatrolleer vir sporadiese klipgoolery. (30)

Was daar nog griewe? — Dat indien die biersaal - indien

... / hulle

hulle dit nie kon regkry om die biersaal uit te skuif nie, die biersaal nie op 'n Sondag moes oopmaak en drank aan Nie-Blankes verkoop nie. 'n Ander een was dat raadslede moes bedank, dorpsraadslede, Swartdorpsraadslede moes bedank en 'n alternatiewe stelsel wat by die Swartes pas, ingestel moet word.

Is daar uitgebrei oor wat hierdie alternatiewe stelsel moes behels? -- Nee, hulle het nie daarop uitgebrei nie. Dan wou hulle die skoolgronde omhein gehad het en hulle was ontevrede met die skoolhoof en van die onderwysers wie na hulle mening nie oor die nodige kwalifikasies beskik het nie. (10)

Was daar nog iets? -- Dit was al.

Wat was u houding? -- Ek het hulle meegedeel dat ek op die griewe sou ingaan en hulle op 'n later stadium na plus-minus twee tot drie weke 'n antwoord sou kon gee.

Het dieselfde groep u weer op 10 Februarie 1985 kom besoek? -- Dit is korrek onder aanvoering van Andile Ntshutu.

Wat het u hulle meegedeel? -- Ek het hulle meegedeel dat hulle griewe na hoër gesag verwys is, van hulle en dat van die griewe deur die plaaslike owerhede hanteer moes word. Hulle was ontevrede hieroor en het my kantoor verlaat. (20)

Die volgende dag, 11 Februarie 1985, wat het gebeur? -- Ek het 'n telefoniese oproep van die Administrasieraad ontvang dat hulle kantore aangeval word deur plus-minus tweehonderd Swartes. Ek het daarheen vertrek en het van hulle uitmekaar gegaan en die ander het ons uiteen gedryf. Hierna het ons weer 'n berig ontvang dat die huis van die Swartburgemeester Joël Memese aangeval is asook die huis van Petrus Antonie. Ek het lede uitgestuur daarheen en het later self ook die huise besoek.

Wie is Petrus Antonie? -- Dit is die bestuurder van (30) die biersaal.

Is Antonie en burgemeester Memese se huise naby mekaar?
— Hulle is 'n hele ent uitmekaar uit.

Toe u by die burgemeester se huis kom, was daar mense op die toneel saangedrom of nie? — Nee, ek het niemand daar gekry nie, behalwe polisiemanne.

En by Antonie se huis? — Dieselfde. Daar was ook net polisiemanne gewees.

Weet u of die burgemeester daardie dag in 'n skietvoorval betrokke was? — Dit is korrek.

Wat weet u daarvan? — Ek was met 'n voertuig by die (10)
skool gewees toe ek skote naby Petrus Antonie se huis hoor afgaan het. Ek het later vasgestel dat dit Joël Memese was wat geskiet het.

Het hy mense getref? — Dit is korrek.

Hoeveel? — Ek praat onder korreksie, ek dink dit was drie.

Op daardie stadium toe u die skote gehoor het, was sy huis reeds aangeval? — Dit was na sy huis aangeval was.

HOF : Na Antonie se huis aangeval is of die burgemeester se huis aangeval is? — Na albei huise aangeval was. (20)

MNR. HANEKOM : Was daar enige ander voorvalle daardie dag, 11 Februarie? — Nie sover ek kan onthou nie.

Op 18 Februarie 1985 wat het gebeur? — Daar was 'n opmars van plus-minus vyfhonderd skoliere na die plaaslike Landdroskantoor waar sake van openbare geweld voorgekom het.

Het u self die skare gesien? — Ek het hulle self gesien. Hulle was reg voor die polisiestasie. Die polisiestasie en die Landdroskantoor is langs mekaar geleë.

Kon u enige leiers in die optog identifiseer? — Nee, ek kon nie. (30)

Het die polisie opgetree? — Dit is korrek. Nadat ons

... / hulle

hulle versoek het om uiteen te gaan en hulle nie wou nie, het ons hulle met sambokke, karwatse uiteen gedryf.

Is daar in daardie tyd ook privaat voertuie aangeval in die gebied of nie? — Dit is korrek. Dit het sporadies gekom op die pad Glenavonweg. Dit is 'n pad wat deur die Swartwoon-gebied na die plase gaan.

Is die pad op 'n stadium gesluit vir verkeer? — Dit is korrek. Ek het die provinsiale administrasie gaan spreek en die pad gesluit aangesien daar Blankepersone beseer was op die pad as gevolg van klipgooiery. (10)

Kan u onthou wanneer die pad gesluit is? — Dit was in April.

April 1985? — April 1985. Dit is korrek.

Aan die begin van Maart 1985 was u op 'n dag met patrollie-dienste in die Swartwoongebied besig? — Dit is korrek.

Wat het u opgemerk? — Ek het op 'n groep van plus-minus agthonderd persone afgekom wat op 'n oop stuk grond voor die biersaal vergader het.

Was dit Swartmense? — Swartmense. Klippe was na die patrollievoertuig waar ek in gery het gegooi, waarop ek (20) polisieversterkings aangevra het. Onderweg uit die Swartwoon-gebied om by die polisieversterkings aan te sluit, het 'n Swartman my gestop. Hy het hom voorgestel as Mzuki Sibanzana, 'n derde jaar B.Proc student aan die Universiteit van Natal. Hy het vir my gevra wat ek gaan doen, aangesien die vergadering volgens hom vreedsaam was. Ek het hom meegedeel dat alle opelug vergaderings deur die Minister van Wet en Orde verbied was en dat ek met die versterkings sou terugkeer. Hy het my versoek om hom vyf minute kans te gun om die mense uiteen te kry. Ek het hom meegedeel dat dit plus-minus vyf minute (30) sou neem om die mense te re-organiseer, die polisiemanne voor

ons sou terugkeer. Met my terugkeer by die plek het ek gevind dat al die persone die plek verlaat het en alles rustig was.

Het u die persoon Mzuki Sibanzana op 'n later stadium weer gesien? -- Dit is korrek. Ek het een aand by die polisiestasie aangekom ... (Mnr. Hanekom kom tussenbei)

Wanneer was dit? -- Dit was in Maart. Ek kan die spesifieke datum nie onthou nie.

Maart 1985? -- Maart 1985.

Ja? -- En was ek meegedeel dat hulle hom opgetel het omdat die veiligheidspolisie na hom soek. Ek het Mzuki Sibanzana(10) na my kantoor geneem en ek het gemerk dat hy 'n dagboek by hom het. Op my versoek het hy die dagboek aan my oorhandig en het ek daardeur geblaai. Ek het 'n lys name en telefoonnommers in die dagboek afgekom en die veiligheidspolisie geskakel.

Is dit die veiligheidspolisie te Cradock? -- Te Cradock. Ek was versoek om fotostatiese afdrukke van die name en telefoonnommers te maak, wat ek gedoen het. Mzuki Sibanzana het toe vir my gesê dat hy 'n groot ondersteuner en aanhanger van die UDF was en dat hy niks daarmee verkeerd sien nie. Hierna het hy sy dagboek teruggevra, waarop ek dit aan hom oorhandig(20) het. Ek het hom meegedeel dat die veiligheidspolisie hom die volgende dag sou kom spreek.

Was daar telefoonnommers van UDF kantore in die dagboek? -- Dit is korrek.

Op 15 Maart 1985 het persone u weer by die polisiestasie kom spreek? -- Dit is korrek.

Wie was dit? -- Dit was Mzuki Sibanzana, Andile Ntshutu en Panama Nyenye. Hulle het gesê dat ek hulle 'n waarborg moet gee dat die polisie nie sou optree tydens 'n begrafnis wat op die 16de Maart 1985 gehou sou word nie. Ek het hom meegedeel(30) dat ek nie 'n waarborg aan hom kan verstrek nie, maar dat

... / indien

indien die begrafnis vreedzaam verloop, daar geen polisie-optrede sou wees nie. Hulle het toe die kantoor verlaat.

Was u die volgende dag, 16 Maart in die Swartwoongebied aan diens? -- Dit is korrek. Ek het patrolliedienste daar verrig.

Wat het u waargeneem? -- Daar was 'n groep van plus-minus 4,000 persone voor die biersaal naby die huis van die oorledene.

Was dit voor of na die begrafnis? -- Dit was voor die begrafnis. Hulle het gesing en met gebalde vuiste in die lug gestaan. Ek het stilgehou. Mzuki Sibanzana het tussen (10) die groep uitgekom na die voertuig waarin ek was. Hy het sy hand opgelig en die skare het stilgebly. Hy het my toe versoek om die polisiemanne te onttrek uit die Swartwoongebied waarop ek hom meegedeel het dat ons nie kan onttrek nie en dat ons die lede van die Mag en raadslede se huise moet patrolleer. Ek het hom weer eens meegedeel dat die begrafnisgangers geen vrees hoef te hê vir polisie-optrede as dit vreedzaam verloop nie. Ek het die voertuig van die begrafnisgangers af onttrek en voortgegaan met patrolliedienste.

Hoe het die polisie opgetree tydens die begrafnis? -- (20) Daar was geen polisie-optrede tydens die begrafnis nie.

Wat het na die teraardebestelling gebeur? -- Die skare het teruggekeer na voor die biersaal naby die huis van die oorledene waar hulle gesing en met gebalde vuiste in die lug gestaan het. Daar was ook 'n toespraak oor 'n luidspreker.

Waar was u op daardie stadium? -- Ek was plus-minus 500 treë van hulle af.

Kon u hoor waaroor die toespraak gehandel het? -- Dit was in Xhosa. Ek is nie Xhosa magtig nie.

Kon u die spreker identifiseer? -- Nee. (30)

Wat het toe gebeur? -- Na die toespraak het ek gesien dat

... / die

die biersaal, die Administrasiekantore en die opsigter van die Administrasieraad se huis en geboue - die geboue aangeval word met klippe, ysters, stokke en net daarna in vlamme opgegaan het.

Wie het die geboue aangeval? -- Dit was gedoen deur die skare wie voor die huis saamgedrom het. Ek het lede van die Mag wie saamgetrek was opdrag gegee om in te beweeg, waarna 'n waarskuwing aan die skare gegee was om uiteen te gaan. Hulle het egter nie uiteen gegaan nie en het ek die niesmasjien wat op bystand by die polisiestasie was ingeroep. Dit was in (10) werking gestel.

Wie het die niesmasjien hanteer? -- Speurder adjudant-offisier Du Pisanie en nog 'n lid.

Is daar tydens die optrede persone beseer? -- Lede van die Mag of van die skare? -- Nee.

Was daar verdere probleme die dag, die 16de? -- Die groep het opgebreek in kleiner groepe en was daar klippe na raadslede se huise gegooi. Dit het later opgehou en hulle het almal uiteen gegaan.

Was daar probleme by 'n slaghuis? -- Dit is reg. Dit (20) is speurder sersant Nguba se slaghuis wat aan die brand gestek was.

HOF : Is dit nou naby hierdie Administrasiekantore en biersaal of is dit ver daarvandaan? -- Dit is nie baie ver daarvandaan nie.

Hoe ver omtrent? -- Plus-minus 200 meter.

MNR. HANEKOM : Het die besigheid van sersant Nguba al besigheid gedoen of was hy nog besig om gebou te word? -- Hy was nog in die proses om gebou te word,

Die volgende dag, 17 Maart 1985, was daar probleme in (30) die gebied? -- Dit is korrek.

Wat was dit? — Die biersaal was vir 'n tweede keer aan die brand gestee. 'n Administrasieraadvragmotor was te Glen Avonweg aan die brand gestee en 'n groep van plus-minus honderd Swartes het in die rigting van speurder-sersant Nguba se huis gehardloop. Kort nadat hulle na speurder-sersant Nguba se huis gehardloop het, het ek skote uit 'n R1-geweer hoor afgaan. By verdere ondersoek by speurder-sersant Nguba se huis het ek gevind dat sy huis se ruite met klippe stukkend gegooi was, van sy meubels beskadig is, asook sy privaat voertuig wat voor sy huis geparkeer was. Een persoon was gedood en een ver- (10) wond.

HOF : Op die toneel? — Op die toneel.

Gedood en verwond deur die R1? — Deur die R1.

MNR. HANEKOM : Na 17 Maart 1985 het die geweld opgebou of het dit voortgeduur? — Dit het sporadies voortgeduur. Klipgociering na polisievoertuie, privaat voertuie, lede van die Mag se huise en Raadslede se huise.

Was die paaie op enige stadium in die Swartwoongebiede versper? — Dit is korrek. Deur gebruik te maak van motorwrakke, brandende buitebande, dromme, teerpale en enige groot(20) afval wat hulle in die hande kon kry.

Is die versperrings opgerig nadat die polisie opgetree het of voor hulle opgetree het? — Gewoonlik voor.

HOF : Van wanneer af was dit nou? — Dit was hier van om en by 11 Februarie sporadies.

MNR. HANEKOM: 1985? — 1985.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Weet u waar die drie persone wie se name u gemeld het nou is? — Ek is al sedert Januarie op Somerset-Oos weg. Toe ek laas daar was, was hulle nog op Somerset-Oos. (30)

Ken u vir Lulu Johnson? — Die naam klink nie vir my

... / bekend

bekend nie.

Weet u of die persoon aan COSAS behoort het of nie? --
Nee, ek sal nie kan sê nie.

My Lord, I am going to leave the discussions alone, because I have no instructions.

COURT : We can, of course, not run into the difficulty that every little fact has to be checked and controlled, because then we will have to stand down after each witness and this means we will lengthen this trial, actually we will double the length of this trial. (10)

MR BIZOS : I appreciate that, but on the other hand, if these conversations did take place and if the State is going to rely on them, I think that the period they took place most of the accused were in custody, if not all, but if the State is going to say that - well, this is fact upon we ask the Court to draw an inference and we have not had an opportunity in dealing with it, then it is hardly fair on the accused that they should have been deprived of challenging what is ... (Court intervenes)

COURT : You can always put it to the witness that you have not got instructions. May be eventually you will get instructions and it cannot be held against you that you did not put it to the witness. (20)

MR BIZOS : Well, this is what I was really saying, that I cannot deal with these discussions and I will deal with the matters on which we do have instructions, which became apparent during the course of the examination of the previous witness.

Luitenant, ek wil vir u vra in verband met die drie persone wat deur die burgemeester se geweer verwond was. Dra u persoonlike kennis daarvan? -- Ek self was nie op die toneel (30) nie, maar ek het die skote gehoor.

U weet nie wat gebeur het kort voor of kort na u die skote gehoor het nie? -- Nee.

Weet u hoe ver van die skoolterrein die drie mense getref was of nie? Was dit by die skoolterrein? -- Dit was nie by die skoolterrein nie.

Langs die skoolterrein? -- Ook nie langs hom nie.

Hoe ver van die skoolterrein sal u sê? -- Dit was in 'n ander straat. Dit kan plus-minus 800 meter wees.

Van die skool af? -- Ja.

Hoe ver is mnr. Antonie se huis van die skool af? -- (10) Dit moet ook plus-minus so ver wees. Dit kan 'n duisend wees, maar dit is ook in die omtrek.

Is u getuienis dat u die skote gehoor het toe u naby die huis van mnr. Antonie was? -- Ek was by die skool gewees op daardie stadium.

As ons meegedeel is dat die afstand tussen mnr. Antonie se huis en die skool 400 meter is, sal dit nie korrek wees nie? -- Soos die kraai vlieg kan dit korrek wees. Ek het padlangs gepraat, as jy per pad gaan.

As ons meegedeel is dat die persone 400 meter van (20) Antonie se huis af getref is, sal daardie getuienis nie korrek wees nie? -- Ek sal nie kan sê nie.

Was u teenwoordig toe die mense aangetref was of nie? -- Toe hulle waar aangetref was?

Was u òf teenwoordig waar hulle was toe hulle beseer was of het u hulle daar gevind? -- Nee.

U was nie daar nie? -- Nee.

So, die enigste ding wat u aan die Hof gesê het of kan sê is dat u inligting gekry het waar hulle getref was? -- Dit is korrek. (30)

U het geen persoonlike kennis daarvan nie? -- Nee.

Dra u enige persoonlike kennis van die gebruik van 'n geweer deur 'n polisiebeampte, Ntisquelele Roqo? -- Ek het die skietvoorval bygewoon. Dit is al kennis wat ek daarvan het.

Na die gebeure? -- Na die gebeure.

U het geen persoonlike kennis daarvan nie? -- Nee, ek het nie.

Wie was die oorledene by die begrafnis van 16 Maart? -- Dit is ene Memese.

Het die persone wat die begrafnis bygewoon het terug (10) na die huis van die oorledene gegaan? -- Dit is korrek.

Hoe ver was u van die begraafplaas af? -- Nee, ek was ver van die begraafplaas af.

Hoe ver? -- Ek was 500 meter van die oorledene se huis en dit is baie ver begraafplaas toe daarvanaf.

Was u alleen of saam met die vorige getuie in die saak toe die begrafnisgangers teruggekome het?

HOF : Dit is adjutant Du Pisanie?

MNR. BIZOS : Adjutant Du Pisanie. -- Adjutant Du Pisanie was by die niesmasjien. Ek was weg van hom af. Ek was (20) nie by hom self nie.

Wanneer was hy by die niesmasjien? -- Hy het by gestaan met die niesmasjien die hele tyd.

Waar? -- Naby die polisiestasie, dit is feitlik voor die polisiestasie.

Was hy nie saam met die polisie om die begrafnis onder observasie te hou nie? -- Ek het nie heeltyd by hom gebly nie.

U het gesê dat die biersaal en ander eiendom aan die brand gesteek was? -- Dit is korrek.

Weet u uit u eie kennis deur hoeveel mense dit was? (30) -- Dit is moeilik om te sê hoeveel mense dit was, want daar

was baie voor die huis.

Nee, maar laat ons die mense voor die huis 'n bietjie onderskei van die mense wat miskien skuldig was aan die daad van brandstigting. Wie het die plekke aan die brand gesteek? Weet u? -- Van die mense wat van die huis af gekom het.

Maar weet u wie hulle was? -- Nee, ek ken hulle nie.

Hoe ver is die huis van die biersaal en die Administrasiekantoor? -- Die huis word geskei net met 'n straat van die biersaal.

HOF : Is die een aan die een kant van die straat en die (10)
ander aan die ander kant van die straat? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Is dit regoor of 'n entjie weg van die huis af?
-- Die biersaal?

Ja? -- Dit is aan die oorkant van die straat.

Net oorkant? -- Ja.

HOF : So, dit is regoor mekaar? -- Ja, dit is regoor mekaar.

Die mense wat in die straat staan, kan jy net sowel sê staan voor die biersaal as voor die huis? -- Korrek.

MNR. BIZOS : Hoeveel mense was daar? -- Ek skat plus-minus
4,000. Dit was baie. (20)

Na die begrafnis? -- Dit was nog steeds 'n groot groep.

Hoeveel mense sou u sê was daar na die begrafnis? --
Plus-minus 4,000.

Net soveel as wat daar by die begrafnis was? -- Dit is
korrek.

Wat was hulle besig om te doen toe hulle by die huis van die oorledene gekom het? -- Hulle het eers gesing, met gebalde vuiste in die lug en daar rondgestaan.

Hoe ver was u van hulle af weg op hierdie stadium? --
Plus-minus 500 meter. (30)

Was u uitsig op enige manier beleemmer? -- Nee.

... / Was

Was hulle besig om iets anders te doen, enigiets anders?
— Nee, nie sover ek kan onthou nie.

Het u die huis begin dophou van die begin van die terugkeer van die mense vanaf die begrafnis? — Dit is korrek.

En u het niks gesien behalwe dit wat u beskryf het wat die mense besig was om te doen nie? — Daar waar hulle gestaan het - nee, niks anders nie.

Het u nie opgelet dat as die mense daar kom by die hek van die huis daar emmers vol water en ander voorwerpe vol water was en dat die mense besig was om hulle hande te was (10) nie? — Dit kon ek nie sien nie.

Kon u in die voorplaas of agterplaas van die huis sien dat vrouens besig was om tafels reg te sit en kos daarop te sit? — Die koskokery het al die vorige dag begin. Dit weet ek van.

Maar weet u dat hulle besig was om die kos vir die mense uit te sit? — Nee.

Waar was die nismasjien? — Bo by die ingang voor die polisiestasie.

Voor die polisiestasie? — Naby die polisiestasie by (20) die ingang na die Swartwoongebied.

Onder wie se beheer was dit? — Speurder adjudant-offisier Du Pisanie.

U het hom daar agtergelaat? — Dit is korrek.

By die masjien? — Dit is korrek.

Met die sleutels van die masjien? — Dit is korrek.

En die voertuig waarop dit was? — Dit is korrek.

Op die betrokke oggend was die sleutels nie in die brandkas nie? — Tensy dit by die aanklagkantoor ingehandig was, nie by my nie. (30)

Maar u het adjudant Du Pisanie in beheer van die nismasjien

... / gelaat

gelaat? — Dit is korrek.

Met die sleutels wat hy nodig sou gehad het? — Dit is korrek.

Weet u wie hom beveel het of gesê het om die niesmasjien te gaan haal en wanneer? — Toe ek met hom gepraat het, was hy reeds by die niesmasjien toe ek hom ingeroep het om op te tree.

Wanneer het u hom opgeroep?— Net na die gebou aan die brand geslaan het.

Omdat ek dit aan u wil stel dat die niesmasjien gebruik(10) was teen die mense toe hulle besig was om hulle hande te was en die vroumense besig was om die kos reg te sit en voordat enige skade aan enige plek by die woonbuurt aangerig was? — Dit is nie so nie.

HOF : Was u in bevel van almal daar of was daar nog 'n hoër offisier? — Ek was in bevel van almal.

MNR. BIZOS : Sê u die biersaal het gebrand voor die niesmasjien daar gekom het? — Dit is korrek.

En dit moes baie ongemaklik gewees het vir die mense wat daar was om die huis van die oorledene te besoek as (20) deel van die begrafnis?

HOF : Wat bedoel u? Omdat daar so baie mense was of oor die niesmasjien of oor wat?

MNR. BIZOS : As daar 'n groot gebou soos 'n biersaal brand, net oorkant die huis waar 'n seremonie moes plaasvind, sou dit baie ongerieflik gewees het vir die mense daar? — Dit behoort ongerieflik te wees, ja.

En die mense wat by die begrafnis was, as u wel 500 meter weg was, moes van die teenwoordigheid van die polisie geweet het? — Dit is korrek. (30)

Het die niesmasjien op een plek gebly of het dit deur die

... / woongebied

woongebied gery en die poeier versprei?

HOF : Ek weet nie wat 'n niesmasjien doen nie. Hoes hy poeier uit of nies hy poeier uit of wat doen hy? — Hy blaas dit uit. Hy het 'n tregtervorm agter met 'n masjien met poeier in. Sodra jy die motor binne aanskakel, dan blaas hy — dan bring hy die poeier op en hy blaas dit agter uit. Jy kan hom roteer of in 'n stilstaande posisie hou. Hy kan enige kant toe blaas.

En die poeier versprei met die wind? — Die poeier versprei met die wind met die blaaskrag agter hom.

MNR. BIZOS : Ek wil aan u stel dat daar wel klipgooiery (10) was op die dag deur sekere jongmense, maar dit was 'n vorm van retaliasie omdat die niesmasjien baie getref het of die poeier baie mense in die woongebied getref het. — Die niesmasjien het eers inbeweeg na die plek aan die brand gesteeke was en daarna was klippe na die niesmasjien sowel as ander voertuie gegooi.

Het u saamgestem dat die masjien in die woongebied rondgery het? — Nadat hy ingeroep was, het hy gepatrolleer, ja.

En was dit gebruik dwarsdeur? — Waar groepe so saamgedrom het, was hy gebruik, ja. (20)

Soos traanrook tref die poeier ook mense wat in hulle huise is? — Dit is korrek.

Sal u saamstem dat gewoonlik u na die woongebied gekom het na sekere aanvalle reeds plaasgevind het?

HOF : Op die dag van die begrafnis?

MNR. BIZOS : Nee, in die algemeen.

HOF : Ek dink u moet meer spesifiek wees, want op die begrafnis was hy daar voordat daar aanvalle was.

MNR. BIZOS : Wanneer u sê dat daar sporadiese aanvalle was, waar u in die algemeen gepraat het, was dit gewoonlik na die (30) aanvalle plaasgevind het wat u gevra was om in die woongebied

... / te

te ry? — Daar was altyd patrollies, maar die meeste van die tonele was besoek na die aanval.

U kan nie sê presies wat die onmiddellike oorsaak van die voorval was nie? — Dit is korrek.

My Lord, in view of the nature of the witness's evidence, I would ask Your Lordship for a short adjournment. I just want to discuss with my colleagues and the accused the attitude we should adopt to the evidence that we do not have instructions on and there is a reasonable possibility of getting the information. (10)

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

MR BIZOS : My Lord, I am going to apply to Your Lordship to allow this witness to stand down until we are in a position to deal with his evidence. The names of the three persons that the witness has mentioned are not known to any of the accused, nor to any of the persons who were responsible for taking those instructions that we have. Furthermore, particularly the conversations and their actions are not covered by the particulars that had been furnished and furthermore (20) unfortunately we were not even apprised of them in the informal discussions that we had which have generally been quite helpful. We have been given notice informally about some of the things that are going to be led and in the circumstances I cannot finish with the witness and I ask that he should stand down until we have instructions.

COURT : How long will that be?

MR BIZOS : It will have to be open ended.

COURT : I cannot adjourn this case open ended. I am not going to take another witness inbetween. That is why I (30) mentioned to you that this case will be trebled or quadrupled

in length if we do it this way. I am not going to mix up witnesses. I told you that right at the outset of the case. I made one exception, I think it was in the case of Sergeant Branders. I said that is the sole exception and I stand by it.

MR BIZOS : What Your Lordship would have to balance is the following. That we should excuse the witness and be deprived of the right to cross-examine him when we do not have instructions as between that and the inconvenience of taking the cross-examination out of turn and I submit, with (10) respect ... (Court intervenes)

COURT : I have decided I am not going to take the cross-examination out of turn. We had great difficulty with Branders in getting him back, first of all, and secondly in remembering what he had said initially and the case is difficult enough as it is. I am not going to have a total mixture of different witnesses being cross-examined at different times on evidence given weeks or months prior. So, that was my ruling. I stand by my ruling. On that basis you can decide what your application is. (20)

MR BIZOS : I cannot finish my cross-examination without instructions.

COURT : Very well, then you tell me how long you want to adjourn.

MR BIZOS : I cannot say at this stage, because this is far away ... (Court intervenes)

COURT : I know. It may be impossible for you to get instructions. These people may not be available any more. I know that. I cannot adjourn this case indefinitely and in the end it may be that this is totally irrelevant or not important. I do not know. I cannot decide at this stage, but you

... / will

will have to decide at some stage whether it is important enough or not important enough for each witness to be standing down for this sort of fact, because I am sure there are going to be numerous facts of which you are not apprised by the time you get up to cross-examine. That is in the nature of this case obvious.

MR BIZOS : I think that we have done reasonably well and I do understand that we are at the tail end of this type of evidence from what I understand from the State, but we cannot with the greatest respect be put in a situation that we (10) must be put on the choice as to - either to abandon the right that we have or to forego the possibility of investigating the matter and putting ... (Court intervenes)

COURT : I have not put you to any choice yet. I merely asked you what is the date of the adjournment. If you want to consider your position again, I will adjourn again.

MR BIZOS : I would have said under ordinary circumstances probably tomorrow morning would have been sufficient. I do not know whether it is going to be sufficient.

COURT : At least by tomorrow morning you will be able to (20) say whether you can get hold of the people or not. So, if you cannot get hold of them, you cannot get any instructions on that side. Would it not serve any purpose if I adjourn for say half an hour and you make a couple of telephone calls to find out what the position is in that area?

MR BIZOS : We can communicate with that area, because we understand for instance this morning, on information that I have, that the telephone lines in the Black areas are all out and certainly in relation to Soweto. So, if that is the same in relation to Somerset East we will be in a similar position.(30)

make any meaningful contact with these people, under these circumstances that we are in today.

COURT : Yes, that may well be. What do you suggest?

MR BIZOS : I submit that the only alternative is for Your Lordship in the extraordinary circumstances to allow me to reserve further cross-examination of the witness and that he should not be excused but that he should be given proper notice to return when we have instructions. As undesirable as it may be, the alternative is even more undesirable, with respect. (10)

HOF : Wat sê mnr. Hanekom?

MNR. HANEKOM : Ek wil voorstel dat ons verdaag tot môreoggend toe. Mnr. Bizos kan dan vandag gebruik om te kyk of hy iets kan uitrig instede daarvan om nou met 'n ander getuie aan te gaan wat waarskynlik ook sal moet afstaan. Hy gaan oor dieselfde gebied getuig. Ek kan voorsien dat daar weer so 'n versoek sal kom.

COURT : I will adjourn the matter till tomorrow morning and then you can tell me tomorrow morning what the position is.

MR BIZOS : As Your Lordship pleases. We will in the (20) meantime, I am surprised to hear that there are other matters from the same area that we do not know about. The information apparently is that we are not going to be able to get the information, but we will try if that is the position.

COURT : Have you tried communicating with Somerset East, with the people you have there?

MR BIZOS : I am instructed yes and that it is impossible to get through to anyone.

COURT : Now at this moment? When did you try?

MR BIZOS : Apparently it has been impossible throughout (30) the weekend to establish any contact with anyone in the

Eastern Cape. Today in particular I think that it is going to be almost impossible.

COURT : Yes, well, today will be difficult it seems.

MR BIZOS : Entry into this area has been restricted and the telephone system apparently is not working.

HOF : Mnr. Hanekom, wat as ek die saak verdaag tot Woensdagoggend?

MNR. HANEKOM : Ek dink dit sal 'n baie goeie idee wees.

HOF : Dan kan julle julle dinge agter mekaar kry hierso en vir mnr. Bizos meedeel wat julle getuienis is rofweg en (10) dan gaan ons Woensdagoggend voort.

My assessor suggests that it may turn out eventually that it was not necessary to cross-examine this witness on this point at all and that we will be wasting a lot of time by standing - by having the matter stood down. Should it eventually turn out that it is necessary to cross-examine on this point on which you do not have instructions, You can apply to have the witness recalled. That can then be dealt with on its merits. In any event, you must remember that you have the right to lead evidence on the point. (20)

MR BIZOS : The right to lead evidence without putting the case and possibly getting admissions from the witness, would be putting it the other way round.

COURT : Well, I have put to you two points. The one is that you have the right to lead evidence and the other is that you have the right to apply for a recall of the witness.

MR BIZOS : It is only a difference in form which places an onus on us to disclose first of all to the State what the evidence and to Your Lordship, lose the element of surprise under cross-examination of the witness, when we have a (30) right to take instructions and put it to the witness. So,

... / that

that if the evidence is going to be relevant and if we get instructions that this evidence is not partly or wholly incorrect we will have to cross-examine, excusing the witness and saying that we have to apply for the recall of the witness, is depriving the accused of one of their rights of cross-examining the witness on the evidence that he has given. The suggestion made by Your Lordship's assessor only relates to occasions when there is some minor matter which may or may not become important and which is no fault of the party who is doing the cross-examining and says well, (10) because we are at fault in this, we merely want to indicate that we may apply to recall the witness. It does not apply to this sort of situation. Where evidence-in-chief is given which the State is presumably going to ask Your Lordship to find as relevant and I assume of some importance and in doing so, saying well, it is unfortunate that you cannot cross-examine. I submit, with respect, that this is not an appropriate case for excusing the witness and leaving us to make an application.

CASE ADJOURNED UNTIL 18 JUNE 1986.

- - - - -

DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, The University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2009

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

DOCUMENT DETAILS:

Document ID:- AK2117-I1-14-109

Document Title:- Vol 109 p 5418-5446. Witnesses: du Pisanie, Labuschagne